KWARTAAL 4

# NUUSBRIEF

# HOËRSKOOL MONTAGU

KWALITEIT
ONDERRIG
EN LEER

**V** VRIENDSKAP

**I** INTEGRITEIT

**P** POSITIWITEIT



023 614 1390 www.hsmontagu.co.za mhsadmin@barvallei.co.za

# _____UIT DIE KANTOOR_____

**Geagte Ouers / Voogde, Leerders en Ondersteuners**

Graag doen ek verslag oor die afgelope maand se aktiwiteite.
Verder wil ek ook ‘n paar aktuele sake uitlig en belangrike inligting vir 2025 met u deel.

**1. Eksamen: Graad 08 – 11**

Vanaf 6 tot 22 November 2024 het al ons leerders eksamen geskryf.
Ten einde onsekerheid by ouers uit die weg te ruim, word die promosievereistes vir die onderskeie grade ingesluit.
Meet gerus u kind se punte daaraan om te bepaal of hy/ sy ‘n grensgeval is, al dan nie. Indien daar by u enige onsekerheid bestaan, maak gerus met die skool kontak.

**Slaagvereistes:**

| | |
|---|---|
| Graad 10 - 12 | Slaag drie (3) vakke met 40%+ waarvan een vak op Huistaalvlak<br>Slaag nog drie (3) vakke met 30%+ |
| Graad 8 - 9 | 50%+ in Afrikaans<br>40%+ in Wiskunde en Engels<br>40%+ in drie ander vakke<br>30%+ in twee ander vakke |

**Top 20 kwartaal 4**

Die leerders aangeheg behaal hierdie kwartaal die top 20 van hul graad.
Baie geluk met dié mooi prestasies! Dié leerders wat egter baie hard gewerk het volgens hul vermoë en uitstekend presteer het, welgedaan!
Jy hoef nie noodwendig op die top 20 te wees om suksesvol te wees nie.
Indien jy volgens jou vermoë presteer het en jou mikpunte bereik het, is jy suksesvol.

**2. Eksamen: Graad 12**

Die graad 12-eksamen het geëindig op 29 November 2024.
Die WKOD het bekend gemaak dat vanjaar se graad 12-uitslae op Dinsdag, 14 Januarie 2025 om 11:30, by skole bekend gemaak mag word.
Ons graad 12-leerders kan dan dadelik ‘n afskrif van die uitslagadvies kry.
Elke graad 12-leerder ontvang dan ook ‘n gedrukte kopie van die Indaba as laaste aandenking van sy / haar skoolloopbaan. Daar kan ook vanaf 12:00 telefoniese navraag gedoen word by 023-6141390. Alle uitstaande handboeke moet ingehandig wees asb.!

## 3. Skoolsake

### 3.1 Die Burger Jeugleierkonferensie / ATKV Jeugleiersimposium

Een van ons hoofleiers, Kezia Malgas, woon Die Burger Jeugleierkonferensie by en drie van ons hoofleiers: Jomar Hanekom, Morné-John Roos en Amy-Leigh Shirley woon die ATKV se Jeugleiersimposium by in Desember 2024.
Hierdie konferensie en simposium berei nuutverkose leiers voor op goeie leierskap, sodat elkeen sy of haar rol met selfvertroue en as ‘n ingeligte leier kan aanpak.
Hulle word toegespreek deur topsprekers wat hul leierskapsvaardighede gaan ontwikkel.

### 3.2 Matriekgeskenk

Ons matriekgroep het ‘n pragtige outydse slaweklok vir die skool gefinansier.
‘n Nuwe tradisie is begin waar elke matriek wat die skool verlaat en elke nuwe graad 8 wat sy/ haar skoolloopbaan begin, hierdie klok mag lui. Baie dankie Matrieks van 2024!

### 3.3 Sporthemde en skoolklere

Ons leerders vertoon spoggerig in hul moderne sporthemde.
Die huidige hemde mag nog met oefeninge gedra word, maar wedstryde sal slegs in die nuwe hemde plaasvind. Maak gerus ‘n draai by Laerskool Montagu se klerewinkel, indien jy die nuwe hemp wil aankoop. Let wel dat ons skoolklere (sporthemde, dogtersrompies, skoolsweetpakke en skooldasse) by Laerskool Montagu se klerewinkel beskikbaar is. Die res van ons skoolklere (swart skoolbaadjie, grys langbroek, grys sokkies, wit skoolhemde, swart skoolskoene en swart gordels) is beskikbaar by ons klereverskaffers in die omgewing soos: De Jagers, Woolworths, Pep en Ackermans. Alle ander benodigdhede en sportklere is beskikbaar by die skool self. Maak asb. seker dat u kind reg toegerus en gereed is vir die nuwe jaar.

### 3.4 Matriekafskeid: 2 Oktober 2025

Die skoolbestuur het a.g.v. ‘n baie besige eerste kwartaal met o.a. Revue 2025 en om die finansiële las op ons ouers / voogde vir die begin van die jaar te verlig, die besluit geneem dat die matriekafskeid volgende jaar aan die einde van die derde kwartaal gaan plaasvind om sodoende te verseker dat ons matrieks die laaste kwartaal net op hul akademie kan fokus. Maak asb. vroegtydig voorsiening vir al die uitgawes en gebruik ‘n deel van u Desember-bonus as hulpmiddel om te spaar vir al die finansiële uitgawes soos kampe, toere, matriektrui, konserte en die matriekafskeid.

**3.5 Graadhoofstelsel en leerdergedrag**

Die skool het aan elke graadgroep ‘n mans- en dames-graadhoof toegeken.
Die funksie van dié graadhoofde is om op te tree as u kind se skoolvoogde.
Enige akademiese en dissiplinêre navrae, probleme, voorstelle, klagtes, persoonlike sake wat u wil bespreek, ens. kan met u kind se graadhoof bespreek word.
Maak gerus vooraf ‘n afspraak via die sekretaresse.
Hierdie sal u eerste stop wees, indien die graadhoofde u nie kan help nie en vir meer ernstige sake, is u welkom om ‘n afspraak met die Adjunkhoof of Skoolhoof te maak.
Ons streef deurlopend na uitnemende leerdergedrag. Leerders wat hulself skuldig maak aan drie of meer detensies gedurende die jaar, mag vir die res van die jaar aan geen sosiale-, sport-, kultuur- of ander na-skoolse aktiwiteite deelneem nie.
Totdat die leerders se gedrag sodanig tot op ‘n aanvaarbare vlak verbeter het.

**3.6 Finansies**

Kaartfasiliteite vir skoolfondsbetalings.
Daar is kaartfasiliteite beskikbaar by die skool. Ons moedig ouers aan om asseblief gebruik te maak daarvan, om sodoende betalings te vergemaklik.
Ons maak staat op u getroue betaling van skoolfonds,
sonder u bydrae kan ons nie die skool funksioneel bestuur nie.

**3.7 Skoolure 2025**

Akademiese kontaktyd is vir ons baie belangrik en daarom het die Skoolbestuur besluit om voort te gaan met ons huidige skooltye tot voordeel van ons leerders.

**Somerskooltye** is soos volg:
die skool begin soggens om 07:15 en verdaag om 14:00
(Maandae, Woensdae en Vrydae).
Dinsdae en Donderdae eindig ons om 13:15
daarna het ons ‘n aktiwiteitsperiode van 13:15 tot 14:45.

**Winterskooltye** is soos volg:
die skool begin soggens om 07:30 en verdaag om 14:30
(Maandae en Woensdae).
Dinsdae en Donderdae eindig ons om 13:15
daarna het ons ‘n aktiwiteitsperiode van 13:15 tot 14:45.
Vrydae verdaag die skool om 14:00.

**4. Skoolgelde: 2025**

Die Beheerliggaam herinner alle ouers aan die eerste paaiement van R1 420 wat betaalbaar is teen 15 Januarie 2025. Daar is ook ’n spesiale skrywe oor skoolgeld 2025 by die rapport aangeheg.
Die finale ooreenkoms moet teen einde Januarie 2025 voltooi word.

# ____UIT DIE KANTOOR____

**5. Leierskap**

Junior VRL, Senior VRL en Bestuurskomitee (BK) 2025

Die nuwe lede vir die VRL en Bestuurskomitee (Leerderraad) van 2025 is verkies.
Die nuwe graad 8 VRL lede word in 2025 verkies.
Baie geluk aan die volgende leerders wat verkies is vir die
Junior VRL, Senior VRL en BK onderskeidelik.

**JUNIOR VRL 2025:**

Lodewyk Beukes, Dewald Datson, Christiaan Hartman,
Ané Nomdo, Aneisha Philander en Zack Roos

**SENIOR VRL 2025:**

Jacobus Beukes, Sergio Burger, Mia Dettbarn, Chayim Du Toit,
Corli Gous, Jamie Johnson, Henko Nel, Ruby-Rose O'Shea,
Shafique Pieterse, Elzay Strydom, Noah Wiese en Khia Witbooi

**BK 2025:**

Arno Datson, Jamelia Du Toit, Jomar Hanekom (Hoofseun),
John Hattingh, Tasneem Jansen, Halle Joseph, Siyambonga Lirafu,
Jaywin Noemdo, Kezia Malgas (Hoofdogter), Carla Prinsloo,
Morné-John Roos (Onderhoofseun) en Amy-Leigh Shirley (Onderhoofdogter)

Veels geluk!

Mag julle ons skool verteenwoordig as ware ambassadeurs en leierfigure

**6. Handboeke**

Alle handboeke moet teen 11 Desember om 09:00 ingehandig wees.
Leerders wat tot op hede versuim het om hulle handboeke in te handig, sal 'n rekening ontvang vir uitstaande boeke. Hulle sal in 2025 eers boeke ontvang, nadat uitstaande boekgeld vereffen is. Maak asb. seker al u kind se boeke is betyds ingehandig en verlore boeke is betyds betaal, sodat elke leerder die nuwe jaar kan begin met al hul handboeke.
Elke leerder in die skool moet ook 'n dagboek besit.

# ____UIT DIE KANTOOR____

**7. Veiligheid, Sekuriteit en Skoolterrein**

Slegs leerders van Hoërskool Montagu mag die skool se fasiliteite gebruik. Indien enige leerder van die skool, die skool se terrein gedurende die vakansie wil gebruik, moet daar persoonlik by die Skoolhoof of Adjunkhoof toestemming verkry word. Indien enige vreemde persoon op die terrein gesien word, moet dit dadelik by Mnr. Strydom aangemeld word. Die skool is in die proses om 'n kringtelevisie-stelsel aan te bring op die terrein, in die klaskamers en in die skoolgange.
'n Gedeelte op die boonste vloer van die skoolgebou is reeds voltooi.
Hierdie stelsel word bestuur volgens die skool se kringtelevisiebeleid en gebruik om die leerders en die onderwysers te beskerm en
tot voordeel van die sekuriteit van die skool.

**8. Huis van Velden koshuis**

Die nuwe hoofleiers en prefekte vir die koshuis van 2025 is verkies.
Baie geluk aan Michaela Verhoog (Hoofdogter), Zyd'n Scott (Hoofseun),
Beulah Beukes, Lené Leenderts en Daveron Luiters. Ons skoolkoshuis is ons trots en al die fasiliteite is pragtig oorgedoen en modern.
Daar is nog plekke beskikbaar vir 2025.
Kontak gerus die koshuismoeder, mev. Rouzelle van Aarde of die koshuisvader, mnr. Duan van Brouwershaven, tydens skoolure by 023-6141280 of stuur gerus 'n e-pos na: **huisvanvelden@gmail.com** vir meer inligting.
Die voordele van die koshuis is 'n veilige omgewing met vaste studietye, heerlike gesonde maaltye en 'n lekker koshuis-familie-gees.

**9. Ondersteunersklub (HSMO)**

U word almal hartlik uitgenooi na die jaarlikse Gholfdag, Saterdag 22 Februarie 2025.
Die Ondersteunersklub, onder leiding van mev. Mariek Dettbarn, is tans besig om fondse in te samel vir nuwe projekte wat hul graag in 2025 wil aanpak.
Ondersteun en sluit gerus by hulle aan – 'n betrokke ouer, is 'n gelukkige ouer!

**10. Graad 8 – 2025 Oriëntering**

Op Donderdag, 5 Desember 2024, het die graad 8-klas van 2025 ons besoek.
Die nuwe leerders het met groot geesdrif aan al die aktiwiteite deelgeneem en al die verrassings baie geniet. Hulle is nou goed ingelig en ons sien daarna uit om hulle in 2025 te ontvang.

# _____UIT DIE KANTOOR_____

**11. Skoolbeheerliggaamverkiesing 2025**

Ons huidige Beheerliggaam (SBL) se termyn eindig in Maart 2027 en ons is dankbaar vir elke lid se harde werk, insette, positiewe bydraes en ure se tyd wat ingesit is. Een van ons ouerlede het egter bedank en daar is tans ‘n vakante posisie wat ons moet vul in 2025. Graag doen ons ‘n beroep op ons kundige ouers wat hul weg oopsien om uself beskikbaar te stel vir ons SBL-verkiesing (vir een ouerlid) van 13 Maart 2025. Ons het veral mense nodig met bestuursvaardighede, ‘n finansiële agtergrond, regskennis, vaardighede in die onderhoud van geboue en terrein, bemarking en kennis van menslike hulpbronbestuur. Ouers met groot omgee-harte wat ‘n positiewe verskil wil maak by ons skool. Stel asseblief uself beskikbaar.
Ons het u kennis, vaardighede en kundigheid nodig!

**12. Reëlings 2025: NUWE LEERDERS**

Registrasie vir 2025 is nou afgehandel. Baie dankie vir die vertroue wat u in die Hoërskool Montagu stel. Alle nuwe leerders meld op Woensdagoggend, 15 Januarie 2025, tussen 07:15 tot 08:00 by die skool aan. Die skool se leerderleiers sal hulle ontvang en van hulp wees. Dit is nie nodig dat ouers die leerders vergesel nie.

**Belangrike inligting vir u aandag:**

- Aanvangsprogram: Januarie 2025
- Datumlys: Eerste kwartaal 2025 (voorlopig – onderhewig aan veranderings)
- Spesiale Omsendbrief: Skoolgelde 2025

U is welkom om nou reeds die eerste paaiement van R1420 te vereffen.
Die skool verskaf alle hand- en skryfboeke aan leerders. Skryfbehoeftes en toerusting is egter elke ouerhuis se eie verantwoordelikheid. Die skool gaan egter ‘n spesiale skryfbehoefte-pakket aan ons leerders in 2025 beskikbaar stel teen ‘n baie billike prys.
Die kantoor heropen op 10 Januarie 2025, 08:00 tot 12:00.

Indien u van Ashton busvervoer gebruik wil maak en nog nie met mev. Lewis in verbinding getree het nie, moet u dit asseblief dringend doen.
Daar is ongelukkig slegs ‘n beperkte aantal plekke beskikbaar op die bus en leerders wat nie plek op die bus kry nie, moet of van eie vervoer gebruik maak of by die koshuis aansoek doen.

# ____UIT DIE KANTOOR____

Ons koshuis, Huis van Velden, het nog `n paar plekke beskikbaar.
Kontak asseblief mnr. Duan van Brouwershaven of
mev. Rouzelle van Aarde (023-6141280), indien u van koshuisverblyf gebruik wil maak.
Daar is ‘n moontlike subsidie vanaf die WKOD beskikbaar vir koshuisverblyf waarvoor u kan aansoek doen, maar onder voorwaardes soos bepaal deur die WKOD.

Indien u van ‘n bankaftrekorder gebruik wil maak, moet u self met u bank reëlings tref.

**BANKBESONDERHEDE:**
**ABSA MONTAGU**
**Takkode 33-45-13,**
**Tjekreknr. 1050 560 097**
**Vul in by Verwysing: U kind se naam en van**

Elke ouerhuis ontvang op Woensdag 15 Januarie 2025 ‘n afskrif van die volledige Gedragskode. Ek wil u vooraf daarop wys dat leerders nie toegelaat word om hulle natuurlike haarkleur ooglopend te verander of hulle hare in ongewone modieuse style te sny nie. Skooltasse mag slegs van die voorgeskrewe tipe wees
(effekleurig met ‘n tradisionele kleur van skooltasse: bruin, groen, swart, maroen of blou), met harde kante en tussen-afskortings (om die handboeke te beskerm).
Slegs die leerder se naam en van mag op die tas geskryf word.
Die tas mag nie helder neonkleure bevat nie.

Die aanvangsprogram en datumlys is onderhewig aan veranderinge a.g.v. onvoorsiene gebeurtenisse wat reëlings op kort kennisgewing kan verander.
Maak asseblief seker dat alle leerders op die skool se WhatsApp-groepe gelaai is.
Dit sal effektiewe kommunikasie verseker.

Indien u enige navrae het, moenie huiwer om te skakel nie.

**13. Boodskap van die Beheerliggaam (SBL)**

Dit is ‘n absolute voorreg en eer om as Monties Beheerliggaam (SBL) diensbaar te wees aan ons skoolgemeenskap! Dis vir ons ‘n voorreg om saam met die skoolbestuur, die personeel, en ons ouers/ voogde, vir ons kinders ‘n plek van geborgenheid, veiligheid, gemeensaamheid en natuurlik Monties-IDENTITEIT te kan skep.
Die plig van die SBL is om op tree in die beste belang van elke leerder.
Ons streef daarna om te verseker dat daar gesonde beheer- en finansiële praktyke by die skool toegepas word. Ons streef ook daarna om ‘n platform te skep waar almal se BYDRAES aangemoedig en waardeer word.

# _____UIT DIE KANTOOR_____

Met die uitdagings van 2024 wat suksesvol deur die HS Montagu-span oorkom is, wil ons graag die personeel bedank vir die jaar se uitnemende diens en hulle verdien ’n ruskans na hierdie jaar waar hulle in elke vakansie met skoolwerk besig moes wees. Mag hulle 2025 met nuwe krag aanpak en bydra om dit ’n spesiale jaar te maak. Baie dankie aan mnr. Benadie vir sy leierskap en die positiewe verskil wat hy maak. Ons wens vir mnr. Benadie en sy personeel ’n baie mooi en Geseënde Kerstyd toe. -*Mev. Mariek Dettbarn -Voorsitster; namens SBL*

**14. Personeel**

Hoërskool Montagu is trots op sy span bekwame personeel. Dit is met groot hartseer dat ons gedurende die jaar een van ons bekwame en ervare hande moes groet wat besluit het om nuwe horisonne te verken. Ons het totsiens gesê aan:
mev. Justine Swanepoel (Toerisme). Baie dankie vir die verskil wat u by Hoërskool Montagu gemaak het. U het diep spore in ons kinders se harte getrap. Sterkte met u toekomsplanne en geniet die nuwe dinge wat op jul gesin wag. Ons mis u!

Die vakante Toerisme-pos gaan ongelukkig nie gevul kan word nie, aangesien die WKOD besluit het dat ons een posvlak 1 pos moet verloor. Ons huidige bekwame personeel gaan egter in 2025 dié botallige pos moet absorbeer met ‘n baie vol werkslading wat op elke personeel se skouers gaan rus. Ons is dankbaar vir al die opofferings wat ons personeel maak tot voordeel van elke leerder.

Aan almal van u, baie dankie vir u as mens, u ondersteuning en positiwiteit tot ons skool. Met die aanbreek van die einde van ‘n skooljaar, is dit vanselfsprekend om vir ‘n oomblik stil te staan en bewus te word van die wonder van Kersfees.
Mag ons almal, soos die Wyse manne van ouds, na die Bron van Lig gelei word.

My wense aan elkeen is ’n helder Somerkersfees gevul met
Sy liefde, genade en vrede.
Mag die Vader elkeen opreg seën en veilig bewaar.



Vriendelike groete.
**Mnr. Johan Benadie**
*Skoolhoof*

# ___TOP 20___

## Name is in alfabetiese volgorde

### Graad 8

| | |
|---|---|
| Lodewyk | Beukes |
| Meoné | Bure |
| Johnique | Carolissen |
| Ruan | Cloete |
| Corlea | De Koker |
| Carla | Dettbarn |
| Denisia | Domingos |
| Llyle | Fluks |
| Ridduwan | Herdien |
| Aneischa | Jakobs |
| Themlynne | Jansen |
| Lienka | Joubert |
| Kayla | Kotze |
| Lee | Kotze |
| Ané | Nomdo |
| Aneisha | Philander |
| Shané | Pikaan |
| Amorey | Potgieter |
| Zack | Roos |
| Hannli | Volschenk |

### Graad 9

| | |
|---|---|
| Anzelle | Albanie |
| Erin | Banda |
| Jason | Bezuidenhout |
| Keisha | Botha |
| Anél | De Bruyn |
| Tyricha | De Wee |
| Mia | Ellis |
| Isabelle | Hahndiek |
| Chaelli | Jansen |
| Quinzil | Jansen |
| Jaime | Johnson |
| Stella | Meyer |
| DJ | Minnaar |
| Henko | Nel |
| Miné | Olivier |
| Fannwin | Plaatjies |
| Révean | Segelaar |
| Courtney | Toorn |
| Adriana | Visagie |
| Chrissandra | Wiese |

# ___TOP 20___

## NAME IS IN ALFABETIESE VOLGORDE

### GRAAD 10

| | |
|---|---|
| Jacobus | Beukes |
| Sergio | Burger |
| Elissa | Conradie |
| Mia | Dettbarn |
| Tsenré | Ernest |
| Joël | Gordon |
| Peter | Hattingh |
| Thamson | Jansen |
| Zaywon | Kana |
| Janae | le Roux |
| Nina | Malherbe |
| Ruby-Rose | O'Shea |
| Emma | Olivier |
| Mieke | Olivier |
| Danika | Schoeman |
| Tashley | Skippers |
| Jadelyn | van Wyk |
| Keisha-Lee | van Wyk |
| Dirk | von Wielligh |
| Anja | Wolfaardt |

### GRAAD 11

| | |
|---|---|
| Nimra | Ahmed |
| Joney | Booysen |
| Tanya | Brand |
| Arno | Datson |
| Jamelia | Du Toit |
| Suné | Geldenhuys |
| Linathi | Gxagxa |
| Jomar | Hanekom |
| John | Hattingh |
| Cameron | Jansen |
| Tasneem | Jansen |
| Lieschen | Joka |
| Halle | Joseph |
| Richard | Knipe |
| Siyambonga | Lirafu |
| Kezia | Malgas |
| Sias | Meyer |
| Hermien | Potgieter |
| Mikayla | Theron |
| Almay | Wolmarans |

# ______AANVANGSPROGRAM____

## 10 - 24 Januarie 2025

| | | |
|---|---|---|
| **Vrydag: 10 Januarie** | 08:00 – 12:00 | Admin. en Finansiële kantoor oop / Skoolhoof per afspraak |
| **Maandag: 13 Januarie** (Eerste paaiement kan betaal word) | 08:00 – 14:00 | Skool heropen personeel / Admin. en Finansiële kantoor oop |
| **Dinsdag: 14 Januarie** (Eerste paaiement kan betaal word) | 08:00 – 14:00 | Personeel opleiding en beplanning / Admin. en Finansiële kantoor oop |
| | 11:30 | Matriekuitslae 2024 uitdeel |
| **Woensdag: 15 Januarie** (08:00 – 14:00) (Eerste paaiement kan betaal word) | 08:00 – 08:40 | Skool heropen vir leerders met verwelkoming en saal |
| | 08:40 – 10:10 | Leerders word in registerklasse ingedeel |
| | 14:00 | Skool verdaag vir leerders |
| **Donderdag: 16 Januarie** (07:15 – 14:00) | 07:15 – 13:00 | Donderdagrooster gevolg / Handboeke en skryfboeke word uitgedeel |
| | 13:00 – 14:00 | Atletiekinskrywings in kleurgroepe (ouderdom) tydens aktiwiteitsperiode |
| **Vrydag: 17 Januarie** (07:15 – 14:00) | 07:15 – 14:00 | Vrydagrooster word gevolg |
| **Maandag: 20 Januarie** (07:15 – 14:00) | 07:15 – 14:00 | Maandagrooster word gevolg |
| | 18:00 – 19:00 | Graad 8 Ouer / Voog / Leerder vergadering |
| **Dinsdag: 21 Januarie** (07:15 – 13:15) | 07:15 – 13:00 | Dinsdagrooster word gevolg |
| | 13:15 – 14:45 | Aktiwiteitsperiode |
| | 17:00 – 18:30 | Langafstande |
| **Woensdag: 22 Januarie** (07:15 – 13:15) | 07:15 – 13:15 | Woensdagrooster word gevolg |
| | 15:30 – 19:00 | Atletiek Mini-Byeenkoms |
| **Donderdag: 23 Januarie** (07:15 – 21:30) | 07:15 – 13:30 | Donderdagrooster word gevolg |
| | 13:30 – 21:30 | Kleure-atletiekbyeenkoms Alle leerders van die skool moet die volle duur van die byeenkoms teenwoordig wees asb.) |
| **Vrydag: 24 Januarie** (07:15 – 14:00) | 07:15 – 14:00 | Skool gesluit a.g.v. spesiale skoolvakansiedag |

023 614 1390 www.hsmontagu.co.za mhsadmin@barvallei.co.za

# ___BELANGRIKE DATUMS___

## KWARTAAL 1

JANUARIE

| | |
|---|---|
| 10 Vrydag | Admin kantoor oop 08:00 – 12:00 |
| 11 Saterdag | |
| 13 Maandag | SKOOL HEROPEN PERSONEEL 08:00<br>Tennis kliniek 14:00 |
| 14 Dinsdag | Matriekuitslae 11:30 |
| 15 Woensdag | **SKOOL HEROPEN LEERDERS 08:00**<br>*Somersdrag + somertye* |
| 16 Donderdag | CSV Kringleier opleiding 14:20 |
| 17 Vrydag | |
| 18 Saterdag | |
| 20 Maandag | Gr.8 ouer/voog leerder aand en oueropleiding 18:00<br>Netheidsinspeksie |
| 21 Dinsdag | ATLETIEK: Langafstande 17:00 – 18:30 |
| 22 Woensdag | ATLETIEK: Mini byeenkoms 15:30 – 19:00 |
| 23 Donderdag | BK Sivviedag<br>ATLETIEK: Kleureatletiek 13:30 – 21:30 |
| 24 Vrydag | **GEEN SKOOL** *(HSM skoolvakansiedag)* |
| 25 Saterdag | TENNIS: Arend afslaan toernooi – HS Strand |
| 27 Maandag | Gr.12 ouer/voogde leerder 18:00<br>Gholf |
| 28 Dinsdag | |
| 29 Woensdag | NSS – Hernasien in<br>Gr.8 Kuikentoets 1ste pouse |
| 30 Donderdag | NSS – Toekenningseremonie |
| 31 Vrydag | |

# ___BELANGRIKE DATUMS___

## KWARTAAL 1

FEBRUARIE

| | |
|---|---|
| 3 Maandag | Gholf |
| 4 Dinsdag | Gr.8 VRL verkiesing<br>**Opedag Gr.7**<br>• 15:30 - Koshuis<br>• 16:00 - Leerders by HSM<br>• 18:30 - Ouers by HSM |
| 5 Woensdag | |
| 6 Donderdag | Landsdiens open |
| 7 Vrydag | Tennis<br>SNR VRL Sivviedag |
| 8 Saterdag | ATLETIEK: Sone – Robertson |
| 10 Maandag | Gholf |
| 11 Dinsdag | Gr.8's Kuikenkonsert |
| 12 Woensdag | |
| 13 Donderdag | Gr.10-12 Valentynsdans<br>Gr.8-9 Valentynspiekniek |
| 14 Vrydag | VALENTYNSDAG<br>JNR VRL Sivviedag<br>Tennis |
| 15 Saterdag | |
| 17 Maandag | Gholf |
| 18 Dinsdag | |
| 19 Woensdag | Kultuurmiddag |
| 20 Donderdag | |
| 21 Vrydag | Somer Groot Brag<br>NETBAL: Toernooi – Girls High<br>ATLETIEK: Noord-Boland CW |
| 22 Saterdag | Golfdag<br>ATLETIEK: Noord-Boland CW |
| 24 Maandag | INTERSKOLE: Gholf |
| 25 Dinsdag | INTERSKOLE: 0/15 Krieket (T) |
| 26 Woensdag | INTERSKOLE: Tennis |
| 27 Donderdag | INTERSKOLE: 0/19 Krieket (W)<br>INTERSKOLE: Dogters krieket (T) |
| 28 Vrydag | Tennis<br>Landsdiens Sivviedag |

# ___BELANGRIKE DATUMS___

## KWARTAAL 1

MAART

| | |
|---|---|
| 3 Maandag | |
| 4 Dinsdag | |
| 5 Woensdag | Paul Roos BK Dans (Gr.12 verteenwoordigers) |
| 6 Donderdag | ATLETIEK: Boland Paarl |
| 7 Vrydag | ATLETIEK: Boland Paarl |
| 8 Saterdag | ATLETIEK: Boland Paarl |
| 10 Maandag | Gholf<br>**MINI EKSAMEN BEGIN** (08:00 – 13:00) |
| 11 Dinsdag | Wintersport oefening |
| 12 Woensdag | |
| 13 Donderdag | Wintersport oefening<br>SBL Verkiesing *(1 vakante ouer)* |
| 14 Vrydag | ATLETIEK: Wes-Kaap – Groenpunt |
| 15 Saterdag | Sporttoernooi Robertson (W)<br>ATLETIEK: Wes-Kaap – Groenpunt |
| 17 Maandag | Wintersport oefening |
| 18 Dinsdag | Wintersport oefening<br>**MINI EKSAMEN EINDIG**<br>Revue kleedrepetisie |
| 19 Woensdag | RUGBY: Jakes Gerwel (T)<br>Revue kleedrepetisie |
| 20 Donderdag | |
| 21 Vrydag | VAKANSIEDAG: Menseregtedag<br>ATLETIEK: SA's |
| 22 Saterdag | ATLETIEK: SA's |
| 24 Maandag | Revue kleedrepetisie aand |
| 25 Dinsdag | Wintersport oefening<br>Revue kleedrepetisie aand |
| 26 Woensdag | Revue aand<br>Revue middag Ouetehuis |
| 27 Donderdag | Wintersport oefening<br>Revue aand en Borge funksie |
| 28 Vrydag | **SKOOL SLUIT** |




# Geniet die vakansie en

# Geseënde Kersfees!

023 614 1390 www.hsmontagu.co.za mhsadmin@barvallei.co.za